**SATERDAG 31 JANUARIE**

**SKRIFGEDEELTE: GENESIS 13:5-14:24 (OAV)**
**FOKUSGEDEELTE: GENESIS 13:5-18**

## Die keuse

Abram en Lot is deur die onenigheid tussen hulle veewagters tot 'n keuse gedwing. Lot moet eerste kies. Hy kies oënskynlik 'n paradys (vs 10 OAV), maar dit is 'n paradys sonder God.

Waarom kies hy so verkeerd? Omdat hy verkeerd kyk – daar begin die verkeerde keuse. Lot sien net blinkvet vee en rykdom en genot. Hy vra: Wat hou vir *my* die meeste voordeel in? Daarom sien hy nie die gevare van Sodom nie. Sy blinde oog van eie belang lei hom om die verbondstent by Abram te verlaat en sy tente by Sodom op te slaan. Later het hy selfs binne-in die stad gaan woon.

So gaan dit met sonde. Jy kan nie naby bly sonder om ingetrek te word nie. Eiebelang maak jou oë blind vir die gevare van die sonde.

Abram skuif sy eie belange opsy en kies in afhanklikheid van en vertroue op die Here. Hy hou aan die verbondsbeloftes vas. Hy glo: Selfs al kry ek die swakste deel, die Here is by my. Deur 'n vaste vertroue op God se beloftes loop sy keuse nie op 'n doodloopstraat uit nie.

Christus se keuse (Matt. 4:8-10) het skynbaar ook op 'n doodloopstraat uitgeloop. As gevolg van sy keuse sterf Hy aan die kruis. Hy kies egter God se beloftes en ons voordeel. Daarom het Hy opgestaan en is Hy verheerlik.

Daarom kan ons vandag, gelei deur sy Woord en Gees, ook God se beloftes bo die beloftes van die wêreld kies.

*Sing: Psalm73:11, 12*

*Ds. AP (Braam) Krüger (Welkom)*